# Hoofstuk van die dag: Psalm 94

> *Toe ek gedink het my voete gly, het u troue liefde my regop gehou, Here. Toe ek met baie onrus in my binneste sit, het u vertroosting my tot rus gebring. (vers 18-19)*

Die oumense het ’n sê-ding gehad: “God slaap nie,” het hulle

gesê wanneer dit lyk of iemand met die gruwelikste onreg wegkom. Dit is wat die digter ook wil sê. Die tyd van afrekening kom sekerlik, al lyk dit of die goddelose met moord wegkom (vers 13b en 15). Die digter pleit by God dat dit tog sal gebeur (vers 1-3).

In ons eie dag sug ons ook oor die onreg, korrupsie, bedrog en anargie wat ons land op sy knieë het. Hierdie psalm verwoord daarom ons eie versugtinge voor God.

Wat die digter óók doen, is om te midde van die onreg onwrikbaar aan God vas te klou. God beskerm hom (vers 22). Dinge sál verander (vers 14-15).

Hy bely ook dat dit die Here is wat hom in sy donkerste uur regop gehou het en vertroos het (vers 18-19). Ook hierin mag ons hom dit na-sê. Jesus het mos belowe dat Hy by ons is tot die voleinding van die wêreld (Matt 28:20).

## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026